NAMAKWA TOERE & AKKOMMODASIE BK2005/121434/23
H/A NAMAQUA LODGE

Avontuur na: Namibië

Vertrek: Pretoria –Windhoek
Kaapstad – Windhoek
Windhoek – Kaapstad/Pretoria
Soort: Luukse Busvervoer & Lodge/ Hotel Akkommodasie
Verwysing: NAM 4 of NAMBOT 5/5
Fisies: 'n Basiese vlak van fiksheid is nodig vir u om die toer werklik te geniet. Hierdie toer is geskik vir mense n alle ouderdomme – wysig asseblief ons kantoor indien u meer inligting benodig om 'n besluit te maak.

Is hierdie die regte toer vir u?

- Hierdie toer het 'n paar lang reis dae wat verleng kan word deur slegte Afrika-paaie.
- Namibië se temperature styg in die somermaande, (September – November) voor dit begin reën, van 34 tot 38° C.
- Wat u mag sien op die toer mag dalk nie wees wat u by ander gehoor het of op prentjies gesien het nie. Namibië is 'n seisoenale bestemming en die migrasie patrone van diere word nie versper deur lyndrade nie.
- "Early bird catches the worm" – Ons gaan 'n paar oggende moet vroeg opstaan om te verseker dat ons nie op die hitte van die dag aktiwiteite hoef te doen nie. Dit verseker ons ook dat die beste foto-geleenthede opduik en sodoende vermy ons ook die meeste verkeer in stedelike gebiede op oggende wat ons ver moet reis.
- Hierdie toer behels meestal lodge- en hotelverblyf in 3 tot 4 ster fasiliteite wat die area waarin ons is, komplimenteer. Al die fasiliteite waarvan ons gebruik maak, is vooraf besoek enuitgekies om by ons standaarde te pas.
- Hierdie toer word aangebied in 'n luukse 4x4 bus met 22 sitplekke, met 'n toilet aan boord vir u gerief. Ons verkies om nie meer as 20 mense op 'n slag saam met ons te neem nie en daarom is enkel akkommodasie baie beperk.
- Indien daar minder as 11 mense is, sal die toer onderneem word in 'n 14 sitplek Toyota Quantum 2.8 Gd6.

2021 TARIEWE		
Namibië		
	SADC	Buitelanders
Deel Tarief(per persoon)	R28 500	R34 200
Enkel tarief(per persoon)	R34 500	R40 800
Namibië-Botswana		
	SADC	Buitelanders
Deel Tarief(per persoon)	R35 500	R37 200
Enkel tarief(per persoon)	R37 500	R43 800

R5 000p/p deposito betaalbaar binne 14 dae nadat u bespreking bevestig is en die balans 60 dae voordat toer vertrek.

Toer verwysing:	**Datums 2021:**	**Vertrek punt:**
Nam 4/1	Woe. 03Mrt – Sat. 13Mrt 2021	Pretoria
Nam 4/2	Don. 18 Mrt – Son.28 Mrt 2021	
Nam 4/3	Din. 13 Apr – Vry. 23 Apr 2021	Kaapstad
Nam 4/4	Din. 27 Apr – Vry. 07 Mei 2021	
Nam 4/5	Vry. 01 Okt – Maa. 11 Okt 2021	
Nam 4/6	Maa. 01 Nov – Don. 11 Nov 2021	Pretoria
NamBot 5/5	Woe. 13Okt - Sat. 23Okt 2021	Windhoek – Arebbusch

REISPROGRAM – 10/11 DAG REIS DEUR NAMIBIË:

Ingesluit: 9 of 10 Nagte se luukse akkommodasie
Geregistreerde toergids
Busvervoer
Toegangsgeld soos aangedui
Etes soos aangedui

Uitgesluit: Middagetes
Fooitjies
Drankies

Let asseblief daarop dat toegangsfooie, soos aangedui onder daaglikse beskrywing, ingesluit is en dat die kilometers afgerond is. Ons behou ook die reg voor om die program te verander indien nodig.

10 Dag Namibië toer vanuit Pretoria na Windhoek (4/1 & 4/6)

DAG 1: Die eerste dag van ons toer vertrek ons die oggend om 05:00 vanaf Menlyn-area, Pretoria. Ons reis na Upington waar ons die eerste aand by Riva Resort in Upington sal oornag.
Ingesluit: Aandete
Km: 850

DAG 2: Ons vertrek vanaf Upington. Hiervandaan kies ons koers na Nakop / Ariamsvlei Grenspos. Ons reis verder na Visrivier Canyon waar ons naby die canyon gaan oornag.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km: 500

DAG 3: Ons vertrek na die Visrivier Canyon. Van hier af reis ons na Aus en dan na Luderitz in die Karasstreek. Langs die pad sal ons ook die wildeperde van die Namib tesiene kry. Die asemrowende skoonheid van die Namibwoestyn beloof ook om die siel rustig te maak. Skuins oor 'n sandduin, verskyn die see voor ons waar ons dan 'n begeleide toer deur Kolmanskop sal onderneem. Van hier af keer ons terug na Aus waar ons die aand gaan oorbly.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Visrivier Canyon & Kolmanskop
Km: 480

DAG 4: Van Aus af kies ons die hasepad na die Namib-Naukluft Nasionale Park. Ons beweeg verby Helmeringhausen na Moon Mountain Lodge waar ons die volgende 2 nagte sal bly. As die terrein ons toelaat vat ons eerder die D707 i.p.v. die Helmeringhausen pad wat spog met besondere natuurtonele.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Namib-Naukluft Nasionale Park
Km: 440

DAG 5: Vandag lê ons besoek af by die asemrowende Sossusvlei in die Namib-Naukluft Nasionale Park. Dis hier waar ons die oudste duine ter wêreld, met 'n roesbruin-rooi kleur gaan besigtig. Die eindelose skoonheid en mag van die duine betower jou met die raaiselagtige "fairy-circles" wat hier en daar tevoorskyn kom.
Insluit: Ontbyt & aandete
Toegangsfooi: Sossusvlei
4x4 Rit na Dooievlei is uitgesluit (+- R250 per persoon)
Km : 250

DAG 6: Ons volg vandag `n roete deur die Khomas en Erongo streke na Duin 7 en Walvisbaai, waar ons ook die flaminke te siene gaan kry. Van hier af vertrek ons naSwakopmund waar ons 2 nagte by Bay View Resort te Langstrand gaan vertoef.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km: 350

DAG 7: Vandag verken ons Oasis Goanikontes, die Maanlandskappe en Welwitschia-plante. Die betowerende ligeenvelde is ook 'n "moet sien" op ons roete. Na die roete sal daar kans wees vir u om te rus of om op u eie Swakopmund en Walvisbaai te verken. 'n Lys van opsionele aktiwiteite word verder aan in die program, op bl. 9, voorsien.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Maanlandskap & Welwitschia-velde

Uitgesluit : Enige ekstra aktiwiteite in Swakopmund & Walvisbaai
Km: 250

DAG 8: Vanaf Swakopmund vertrek ons noord na die Oshikoto-streek en Etosha Nasionale Park. Hier gaan ons vir 2 nagte in die parkdeurbring by die Okaukuejo Rusoord binne-in die park. Ons kies die kamp vanweë sy fantastiese watergat waar jy tot laatnag diere kan sit en besigtig.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Etosha Nasionale Park
Km: 510

DAG 9: Rondom 07:00 die oggendgaan ons deur die park ry op 'n wildbesigtigingsrit tot ongeveer middagete. Wanneer ons terug is, kan u middagete by die rusoord geniet. Hierdie rit is opsioneel en geensins verpligtend nie. Na aandete, en deur die loop van die dag, kan u te enige tyd na die watergat in die oord toe gaan om na die diere te gaan kyk wat kom water drink.
Insluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Etosha Nasionale Park
Km: 200

DAG 10: Ons vertrek vanaf die Etosha Nasionale park om die aand in Windhoek te wees waar ons dan sal oornag by Arebbusch Travel Lodge.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km: 450

DAG 11: Ons vertrek terug Suid-Afrika toe vanaf Husea Kutako Internasionale Lughawe. Hierdie vlug is ingesluit by u pakket. Indien u langer in Windhoek sou wou bly, kan 'n alternatiewe datum vir u terugvlug bespreek word.
Ingesluit : Ontbyt

10 Dag Namibië toer vanuit Windhoek na Pretoria (4/2)

DAG 1: Vandag vlieg u in na Windhoek toe. U sal arriveer by Hosea Kutako Internasionale lughawe waar 'n pendeldiens u sal ontmoet om u na Arebbusch Travel Lodge te neem. Ons sal u hier later die middag ontmoet. Indien u 'n paar dae vroeër wil invlieg om Windhoek beter te leer ken voor die toer begin, kan u gerus die kantoor kontak vir ander vlugreëlings. Hierdie eenrigting-vlug is ingesluit by u pakket.
Ingesluit: Vlug- en pendeldiens

DAG 2: Vanoggend vertrek ons rondom 06:00 vanaf Arebbusch, Windhoek. Ons reis na Outjo waar ons sal stop vir inkopies en middagete by 'n egte Duitse bakkery. Van hieraf ry ons na Etosha Nasionale park waar ons 2 aande by Halali Rusoord sal oornag.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Etosha Nasionale Park
Km: 510

DAG 3: Ons gaan vroeg die oggend vertrek op 'n wildsrit. Hierdie is opsioneel en u kan saam gaan of u kan heeldag net rustig by die watergat sit om die diere dop te hou.
Ingesluit: Ontbyt & aandete

DAG 4: Na ons wonderlike tyd in Etosha, vertrek ons na die see toe. Ons volg die pad suid-wes na Swakopmund. Ons sal ook probeer om al die besienswaardighede in te pas. Ons roete vat ons na Duin 7 en Walvisbaai, waar ons ook die flaminke te siene gaan kry. Ons verken Oasis Goanikontes, die Maanlandskappe en Welwitschia-plante. Die betowerende ligeenvelde is ook 'n "moet sien" op ons roete.Daarna vertrek ons na Langstrand waar ons 2 nagte by Bay View Resort gaan vertoef.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Maanlandskap & Welwitschia-velde
Km : 640

DAG 5: Hierdie dag kan u Swakopmund rooi verf. Daar is verskeie opsionele aktiwiteite waaraan u kan deelneem of u kan lekker rustig op die balkon sit en uitkyk oor die see. Sien die kostes verder aan in die program.
Ingesluit: Ontbyt & aandete

DAG 6: Van Langstrand af kies ons die hasepad na die Namib-Naukluft Nasionale Park verby Helmeringhausen, of ons draai af op die D707, as die pad ons toelaat, na Moon Mountain Lodge waar ons die volgende 2 nagte sal bly.
Insluit: Ontbyt & aandete
Km : 300

DAG 7: Vandag lê ons besoek af by die asemrowende Sossusvlei in die Namib-Naukluft Nasionale Park. Dis hier waar ons die oudste duine ter wêreld, met 'n roesbruin-rooi kleur gaan besigtig. Die eindelose skoonheid en mag van die duine betower jou met die raaiselagtige "fairy-circles" wat hier en daar tevoorskyn kom.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Sossusvlei
4x4 Rit na Dooievlei is uitgesluit (+- R250 per persoon)
Km: 150

DAG 8: Vandagvertrek ons verder suid na Luderitz. Langs die pad sal ons ook die wildeperde van die Namib tesiene kry. Die asemrowende skoonheid van die Namibwoestyn beloof ook om die siel rustig te maak. Skuins oor 'n sandduin verskyn die see voor ons waar ons dan 'n begeleide toer deur Kolmanskop sal onderneem. Van hier af keer ons terug na Aus waar ons die aand gaan oorbly.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Maanlandskap & Welwitschia-velde
Uitgesluit : Enige ekstra aktiwiteite in Swakopmund & Walvisbaai
Km : 680

DAG 9: Vanaf Aus vertrek ons na die Visrivier Canyon. Hier gaan ons vir 'n tydjie lank net die uitsig geniet. Van hier af vertrek ons verder na 'n akkommodasie fasiliteit naby die Canyon.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km : 350

DAG 10: Na 'n ongelooflike toer verlaat ons die land deur Ariamsvlei via Upington na Kathu waar ons die laaste aand van die toer sal oornag.
Insluit: Ontbyt & aandete
Km : 650

DAG 11: Vandag begin die pad terug huistoe. Ons vertrek uit Kathu, deur die myngebiede, terug na Pretoria toewat beslis ook 'n ongelooflike toer sal wees. Ons behoort teen 16:00 die middag in Pretoria se Menlyn-area te arriveer.
Ingesluit: Ontbyt
Km : 650

10 Dag Namibië toer vanuit Kaapstad na Windhoek (4/3 & 4/5)

DAG 1: Die eerste dag van ons toer vertrek ons die oggend om 09:00 vanaf Kaapstad. Ons reis na Vanrhynsdorp waar ons die eerste aand by Namaqua Lodge in Vanrhynsdorp sal oornag.
Ingesluit: aandete
Km: +- 300km

DAG 2:Ons vertrek vanaf Vanrhynsdorp en kies hiervandaan koers na Vioolsdrif Grenspos. Ons ry verder na die Visrivier Canyon waar ons naby die canyon sal oornag.
Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km: 500

DAG 3: Ons vertrek na die Visrivier Canyon. Van hier af reis ons na Aus en dan na Luderitz in die Karasstreek. Langs die pad sal ons ook die wildeperde van die Namib tesiene kry. Die asemrowende skoonheid van die Namibwoestyn beloof ook om die siel rustig te maak. Skuins oor 'n sandduin verskyn die see voor ons, waar ons dan 'n begeleide toer deur Kolmanskop sal onderneem. Van hier af keer ons terug na Aus waar ons die aand gaan oorbly.

Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Visrivier Canyon& Kolmanskop
Km: 450

DAG 4: Van Aus af kies ons die hasepad na die Namib-Naukluft Nasionale Park verby Helmeringhausen, of ons draai dalk af op die D707, as die pad ons toelaat, na Moon Mountain Lodge waar ons die volgende 2 nagte sal bly.

Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Namib-Naukluft Nasionale Park
Km: 440

DAG 5: Vandag lê ons besoek af by die asemrowende Sossusvlei in die Namib-Naukluft Nasionale Park. Dis hier waar ons die oudste duine ter wêreld, met 'n roesbruin-rooi kleur gaan besigtig. Die eindelose skoonheid en mag van die duine betower jou met die raaiselagtige "fairy-circles" wat hier en daar tevoorskyn kom.

Insluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Sossusvlei
4x4 Rit na Dooievlei is uitgesluit (+- R250 per persoon)
Km: 230

DAG 6: Ons volg vandag `n roete deur die Khomas- en Erongo-streke na Duin 7 en Walvisbaai, waar ons ook die flaminke te siene gaan kry. Van hier af vertrek ons naSwakopmund waar ons 2 nagte by Bay View Resort te Langstrand,gaan vertoef.

Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km: 350

DAG 7: Vandagverken ons Oasis Goanikontes, die Maanlandskappe en Welwitschia-plante. Die betowerende ligeenvelde is ook 'n "moet sien" op ons roete. Na die roete sal daar 'n kans wees vir u om te rus of om op u eie Swakopmund en Walvisbaai te verken. 'n Lys van opsionele aktiwiteite word verder aan in die program op bl. 9 voorsien.

Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Maanlandskap & Welwitschia-velde
Uitgesluit : Enige ekstra aktiwiteite in Swakopmund & Walvisbaai
Km: 250

DAG 8: VanafSwakopmund vertrek ons noord na die Oshikoto-streek en Etosha Nasionale Park. Hier gaan ons vir 2 nagte indie parkdeurbring by die Okaukuejo Rusoord binne-in die park. Ons kies die kamp vanweë sy fantastiese watergat waar jy tot laatnag diere kan sit en besigtig.

Ingesluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Etosha Nasionale Park
Km: 510

DAG9: Rondom 07:00 die oggendgaan ons deur die park ry op 'n wildbesigtigingsrit tot ongeveer middagete. Wanneer ons terug is,kan u middagete by die rusoord geniet. Hierdie rit is opsioneel en nie verpligtend nie. Na aandete en deur die loop van die dag, kan u te enige tyd na die watergat toe in die oord gaan om na die diere te gaan kyk wat kom water drink.

Insluit: Ontbyt & aandete
Ingesluit toegangsfooi: Etosha Nasionale Park
Km: 200

DAG 10: Vandag begin die pad terug huistoe. Ons vertrek by Etosha Nasionale park om die aand in Windhoek te wees waar ons sal oornag by Arebbusch Travel Lodge.

Ingesluit: Ontbyt & aandete
Km: 450

DAG 11: Hier eindig die toer. 'n Vlugkaartjie terug Suid-Afrika toe, vanaf Husea Kutako Internasionale Lughawe, is ingesluit by u pakket. Indien u langer in Windhoek sou wou bly, kan 'n alternatiewe datum vir die terugvlug bespreek word.

Ingesluit: Ontbyt

10 Dag Namibië toer vanuit Windhoek na Kaapstad (4/4)

DAG 1: Vandag vlieg u in na Windhoek en sal arriveer by Hosea Kutako Internasionale lughawe waar 'n pendeldiens u sal ontmoet om u na Arebbusch Travel Lodge te neem. Ons sal u hier later die middag ontmoet. Indien u 'n paar dae vroeër wil invlieg om Windhoek beter te leer ken voor die toer begin, kan u gerus die kantoor kontak vir ander vlugreëlings. Hierdie eenrigting-vlug is ingesluit by u pakket.

Ingesluit: Vlug- en pendeldiens

DAG 2: Vanoggend vertrek ons rondom 06:00 vanaf Arebbusch, Windhoek. Ons reis na Outjo waar ons sal stop vir inkopies en middagete by 'n egte Duitse bakkery. Van hieraf ry ons na Etosha Nasionale park waar ons 2 aande by Okaukuejo Rusoord sal oornag.

Ingesluit: Ontbyt & aandete

Ingesluit toegangsfooi: Etosha Nasionale Park

Km: 480

DAG 3: Ons gaan vroeg die oggend vertrek op 'n wildsrit. Hierdie is opsioneel en u kan saam gaan of heeldag net rustig by die watergat sit om diere te bekyk.

Ingesluit: Ontbyt & aandete

DAG 4: Na ons wonderlike tyd in Etosha, vertrek ons na die see. Ons volg die pad suid-wes na Swakopmund. Ons sal ook probeer om al die besienswaardighede in te pas. Ons roete vat ons na Duin 7 en Walvisbaai, waar ons ook die flaminke te siene gaan kry. Ons verken Oasis Goanikontes, die Maanlandskappe en Welwitschia-plante. Die betowerende ligeenvelde is ook 'n "moet sien" op ons roete.Daarna vertrek ons na Langstrand waar ons 2 nagte by Bay View Resort gaan vertoef.

Ingesluit: Ontbyt & aandete

Ingesluit toegangsfooi: Maanlandskap & Welwitschia-velde

Km: 550

DAG 5: Hierdie dag kan u Swakopmund rooi verf. Daar is verskeie opsionele aktiwiteite waaraan u kan deelneem of u kan net lekker rustig op die balkon sit en uitkyk oor die see. Sien die kostes verder aan in die program op bl. 9 voorsien.

Ingesluit: Ontbyt & aandete

DAG 6: Vanaf Langstrand kies ons die hasepad na die Namib-Naukluft Nasionale Park verby Helmeringhausen, of ons draai af op die D707, as die pad ons toelaat, na Moon Mountain Lodge waar ons die volgende 2 nagte sal bly.

Ingesluit: Ontbyt & aandete

Km: 300

DAG 7: Vandag lê ons besoek af by die asemrowende Sossusvlei in die Namib-Naukluft Nasionale Park. Dis hier waar ons die oudste duine ter wêreld, met 'n roesbruin-rooi kleur, gaan besigtig. Die eindelose skoonheid en mag van die duine betower jou met die raaiselagtige "fairy-circles" wat hier en daar tevoorskyn kom.

Ingesluit: Ontbyt & aandete

Ingesluit toegangsfooi: Sossusvlei

4x4 Rit na Dooievlei is uitgesluit (+- R250 per persoon)

Km: 150

DAG 8: Vandagvertrek ons verder suid na Luderitz. Langs die pad sal ons ook die wildeperde van die Namib tesiene kry. Die asemrowende skoonheid van die Namibwoestyn beloof ook om die siel rustig te maak. Skuins oor 'n sandduin, verskyn die see voor ons, waar ons dan 'n begeleide toer deur Kolmanskop sal onderneem. Van hier af keer ons terug na Aus waar ons die aand gaan oorbly.

Ingesluit: Ontbyt & aandete

Ingesluit toegangsfooi: Kolmanskop

Km: 680

DAG 9: VanAus af vertrek ons na die Visrivier Canyon. Hier gaan ons vir 'n tydjie lank net die uitsig geniet. Van hier af vertrek ons verder na 'n akkommodasie fasiliteit naby die canyon.

Ingesluit: Ontbyt & aandete

Km: 350

DAG 10: Na 'n ongelooflike toer verlaat ons die land deur Noordoewer/Vioolsdrift terug na Suid-Afrika. Terug in Suid-Afrika,volg ons die N7 na Vanrhynsdorp waar ons die laaste aand van ons toer by Namaqua Lodge gaan oornag.

Insluit: Ontbyt & aandete

Km: 500

DAG 11: Vandag begin die pad terug huis toe. Ons vertrek vanafNamaqua Lodge en ry deur die Swartland terug Kaap toena wat beslis 'n ongelooflike toer sal wees. Ons behoort teen middagete in die Kaap aan te kom.

Ingesluit : Ontbyt

Km: 300

OPSIONELE AKTIWITIETE:

*Die lys van opsionele aktiwiteite kan gebruik word as riglyn wanneer begrotings gedoen word vir u toer.

*Wanneer ons op die toer gaan, sal die gids namens u die besprekings maak. Hierdie aktiwiteite is vir u eie sak en is nie ingesluit in die toerprys nie.

*Waar aktiwiteite gesien word as gemiddelde tot hoë risiko, raai ons u aan om van die aktiwiteite gebruik te maak wat ons reeds op die proef gestel en geevalueer het. Indien u van ander aktiwiteite wil gebruik maak, vra asseblief eers ons gids se opinie.

*Hierdie pryse is nie 'n gegewe nie en kan verander sonder vooraf kennisgewing.

Living Dunes experience	Tommy's toere	3-3.5 ure	N$ 800p/p
Swakopmund stadstoer	Charly's Toere	1.5 ure	N$ 450p/p
Seal & Dolphine Cruise * Sluit sjampanje &oesterverversings in.	Laramon	4 ure	N$ 950 p/p
Tandem Skydive * Weight restriction – 95kg Medium risk	Ground Rush Adventures	1 uur	N$3 500 p/p
Quadbiking	Desert Explorers	Vanaf 1 uur	Vanaf N$ 450p/p
Kameelrit	Desert Explorers	Vanaf 30 min	Vanaf N$ 250p/p
Visvang Boot ingesluit	Desert Explorers	5 ure	N$ 2 000p/p
Sandboarding Opsie van lê of staan Ligte middagete ingesluit Geen ondervinding nodig	Desert Explorers	Vanaf 4 ure	Vanaf N$ 700 p/p
Lugballon * Sluit sjampanje ontbyt in	Hot Air Ballooning	2 ure	N$ 4 800 p/p

- *Rates for 2021 is not available yet

NOORDE NAMIBIË & BOTSWANA NAM/BOT (5/5)

Dag 1& 2: Windhoek – Namutoni

Ons avontuur begin rondom 08:00 vanaf Arebbusch in Windhoek. Ons wil graag so vroeg as moontlik wegkom sodat ons die meeste oggendverkeer kan mis en ook die beste uit die dag kan haal deur om so vroeg as moontlik in Etosha Nasionale Park te arriveer. Ons gaan hier by Namutoni Rusoord vir 2 nagte oorbly. Die volgende oggend sal ons 'n wildsrit geniet deur 'n gedeelte van die park. Hierdie is nie verpligtend nie en u kan selfs kies om eerder rustig langs die watergat te sit en die wild wat kom suip, te besigtig.

Maaltye ingesluit : Ontbyt & aandete
Aktiwiteite ingesluit en/of toegangsfooie: Etosha Nasionale Park
Reis-afstand en tyd: 600km : 7 - 8 ure

Dag 3: Namutoni – Caprivi

Na 'n vroeë ontbyt vertrek ons na die ooste van die Caprivi. Hier gaan ons reis tot by Kayova River Lodge waar ons die aand teen die Angolese grens gaan oornag. Die aande hier lewer skouspelagtige sonsondergange en die stilste nagte op.

Maaltye ingesluit : Ontbyt & aandete
Reis-afstand en tyd: 580km : 6 - 7 ure

Dag 4: Caprivi

Na 'n lieflike aand en 'n heerlike ontbyt, reis ons verder na Namushaha Lodge waar ons die nag langs die KwandoRivier gaan spandeer voor ons Botswana binnevaar.

Maaltye ingesluit : Ontbyt & aandete
Reis-afstand en tyd: 350km : 4 - 5 ure

Dag 5: Caprivi – Kasane

Vandag reis ons na 'n absolute hoogtepunt van ons toer, Kasane. Hier gaan ons 3 nagte spandeer waarvan ons elke dag in 'n ander rigting sal inbeweeg. Ons gaan oorbly by Chobe Safari Lodge op die oewer van die Choberivier, reg langs die Chobe Nasionale Park.

Maaltye ingesluit : Ontbyt & aandete
Reis-afstand en tyd: 450km : 6 - 8 ure (Afhangende van tyd spandeer by grenspos)

Opsionele Aktiwiteite:
Verkenningsvlug (30 min) – USD125 p/p
Bootrit op die Chobe (3 ure) – BWP 295 p/p

Dag 6: Kasane – Vic-valle - Kasane

Vroeg die oggend, na ontbyt, spring ons op die bus en vertrek na die Victoria-watervalle. Ons kruis die grens by Kazungula wanneer ons gaan en terugkom. Verskeie aktiwiteite is beskikbaar vir u om aan deel te neem indien u nie saam met die res van die groep op 'n staptog na die Victoria-watervalle wil gaan nie.

Maaltye ingesluit : Ontbyt & aandete
Reis-afstand en tyd: 170km : 2-3 ure (Afhangende van tyd spandeer by grenspos)
Aktiwiteite ingesluit en/of toegangsfooie: Victoria-watervalle uitstappie& Parkfooie

Opsionele Aktiwiteite: (Neem asseblief kennis dat hierdie aktiwiteite voor die tyd gereël moet word)
Zipline oor Victoria-watervalskeurkloof - USD 69 p/p
Waterskeurkloof swaai – USD 95 p/p
Helikoptervlug oor Victoria-watervalle – USD 150 - 290 p/p
"Flying Fox"oor Victoria-skeurkloof – USD 42 p/p
Olifantsroete – USD 75 p/p
Perderit – USD 90 – 125 p/p

Fietstoere – USD 45 p/p
Bungee Jumping – USD 160 p/p
Dorpswandel – USD 34 - 61 p/p

Dag 7: Kasane

Na ons avontuur by Victoria-watervalle, kry u 'n persoonlike dag in Kasane en die omgewing. Ons gaan wel vroeg die oggend op 'n wildsrit in die Chobe Nasionale Park en later die aand op 'n Sonsak-bootrit op die Chobe Rivier waarna ons 'n heerlike aandete saam sal geniet.

Etes ingesluit : Ontbyt& aandete
Aktiwiteite en toegangsfooie ingesluit: Wildsrit & Sonsak- bootrit / Parkfooie

Opsionele Aktiwiteite:
Visvang in Namibia (per uur) – BWP 400 p/p
Halwe dag wildsrit – BWP 590 p/p
Voldag wildsrit – BWP 1180 p/p
Okavango Delta dagtoer – USD 1065 p/p

Dag 8: Kasane - Nata

Vandag reis ons suid na Nata waar ons by Elephant Sands gaan oornag en ook gaan deelneem aan 'n 4x4 wildsrit in die omliggende panne.

Etes ingesluit : Ontbyt & aandete
Reis-afstand en tyd : 270km : 3-4 ure
Aktiwiteite en toegangsfooie ingesluit: Wildsrit & Parkfooie

Dag 9: Nata -Palapye

Na ontbyt vertrek ons na Palapye, waar ons die laaste nag van 'n onvergeetlike toer gaan deurbring by die Majestic 5 hotel.

Etes ingesluit : Ontbyt & aandete
Reis-afstand en tyd : 270km : 3-4 ure

Dag 10: Palapye – PTA

Op ons laaste oggend saam gaan ons eers 'n heerlike ontbyt geniet voor ons vertrek na die grenspos van Martins Drift/ Groblersburg. Afhangende van die tyd wat ons bestee op die grens, behoort ons net na middagete terug te wees in Pretoria.

Etes ingesluit : Ontbyt
Reis-afstand en tyd : 500km : 6-7 ure (Afhangende van tyd spandeer by grenspos)

BELANGRIKE INLIGTING:

- Enkel akkommodasie is beskikbaar, maar daar is slegs 2 kamers beskikbaar op elke datum. Kontak asseblief eers ons kantoor voor u voortgaan met 'n enkel bespreking om seker te maak of daar 'n kamer beskikbaar is. Stuur gerus 'n epos na marne@namakwatoere.comof bel die kantoor by +27 (0)27 2191633.
- Enkelkamers kan altyd na dubbel akkommodasie verander word indien u iemand sou wou saamnooi. Geen administratiewe kostes sal gehef word nie en slegs die dubbelfooi per persoon sal gehef word. Die verskil tussen enkel en dubbel akkommodasie (indien reeds betaal) sal aan u terugbetaal word.
- Wanneer u 'n vlug wil bespreek op dieselfde dag wat die toer klaar maak, kontak asseblief die kantoor vir 'n tweede opinie oor die tyd wat u die vlug wil bespreek.
- Ons kantoor kan u ook help om die nodige vlugte, pendeldiens en hotelle te bespreek teen geen ekstra administratiewe koste nie. Neem asseblief kennis dat ons geen afslag kry op enige vlugte nie. Ons wil u net help om die proses so maklik as moontlik te maak.

Padtoestande en infrastruktuur in Namibië:

Die paaie in Namibië en deur Afrika is baie keer in 'n swak toestand, wat baie swaar druk op ons voertuie plaas. Ons het groot trots in ons voertuie en maak seker dat ons alles in ons vermoë doen om te verseker dat alles goed verloop. Ons kan ongelukkig nie alle onbeplande situasies voorkom nie. Baie van die paaie wat ons ry is ongeteer, vol slaggate en nie juis die gemaklikste roetes nie. Dit beteken ook dat die reistyd soos aangedui slegs 'n aanduiding is en nie 'n gegewe nie. Ons weet dat dit kan vermoeiend raak, maar die paaie vat ons op die ou einde na ongelooflike plekke.

Mediese inligting:

Reisigers, oud en jonk, word versoek om in 'n goeie gesondheidstoestand te wees om tenvolle in die toer te kan deelneem. Ons verwag van alle toerlede om deeglik deur die program te lees en self te besluit of u kan deelneem in al die aktiwiteite soos genoem in die program. As ons toergids en bestuurder dalk op enige stadium sou voel dat enige van ons toerlede nie meer kan deelneem in 'n aktiwiteit nie, behou ons die reg voor om u van die aktiwiteit en/of die res van die toer te verskoon sonder enige terugbetaling. Die nodige dokumente sal deur ons kantoor verskaf word om terug te eis van u reisversekering.

Ons versoek dat verder, dat indien u oor die ouderdom van 65 is, u 'n mediese konsultant of dokter raadpleeg oor u reis na die spesifieke land. Alle toerlede moet ook met 'n mediese konsultant of dokter gesels inverband met die nodige entstof en teen-malaria medikasie voordat u op die toer gaan. Ons stel ook voor dat elke toerlid sy/haar eie noodhulpkassie sal dra met die nodige voorraad soos"'rehydrate", ekstra leesbrille, karsiek-medikasie en ook diarrhoea medikasie.

Drinkwater:

As 'n reël aanvaar ons dat alle water wat uit 'n kraan kom, as ondrinkbaar en gevaarlik vir menslike gebruik is. Dit mag minerale en bakterië bevat wat u maag nie aan gewoond is nie. Dit kan ernstige ontsteltenis veroorsaak en tot siekte lei. Dit kan sonder twyfel u hele toer verwoes. Omtrent al die fasiliteite waarvan ons van gebruik maak, verskaf veilige drinkwater vir ons gaste op 'n daaglikse basis. Maak seker dat u 'n BPA vrye bottel tot u beskikking het deur die loop van die toer.

Hoekom saam met Namakwa Toere gaan toer?

Wie is Namakwa Toere en wat doen ons anders?

- Ons is `n familiebesigheid en is reeds sedert 1985 in die toerbedryf.
- Ons toergidse is van die bekwaamste, hulpvaardigste en mees vriendelikste gidse wat u ooit elders sal teëkom.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir `n toer word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer.
- Daar is geen gejaagde toerprogram nie! Ons busbestuurder is saam met u met vakansie en is nooit onder druk nie.

Interessante feite oor Namibië

- Namibië in geheel is baie groot – wees bereid om baie kilometers af te lê!
- Namibië beslaan 'n oppervlak area van sowat 824 270 Km^2.
- Dit bestaan hoofsaaklik uit woestyn en semi-woestyn omgewings met tropiese vleilande in die Ooste en in die verre Noorde
- Die dae is soms baie warm, soos 'n yster lank in die vuur gesteek en die nagte mag baie koud wees.
- Namibië is 'n land van besonderse diversiteit, taal en tradisies . Daar is 11 hoof etniese groepe wat 'nnomadiese en semi-nomadiese lewensstyl handhaaf.

www.facebook.com/namakwatoere

Na elke toer word daardie spesifieke toer se foto's op Facebook gelaai. Net nog `n ekstra gratis diens wat Namakwa Toere aan ons toerlede bied!

Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?

- Die Toer is onderhewig aan 'n minimum bespreking van **6 persone,** alvorens ditsal plaasvind.
- ***Namakwa Toere***onderneem om sover dit moontlik is, geen toer onnodig te kanselleer nie. Ons het nog nooit nodig gehad om 'n toer te kanselleer nie. Indien dit ooit sou gebeur dat ons 'n toer ***moet*** kanselleer, sal ons u gelde wat u alreeds betaal het, binne 24 uur terugbetaal met 10% rente per jaar.

Hoe bespreek ek 'n toer by Namakwa Toere?

➢ Wanneer u besluit het om op een van ons toere te bespreek, vul die besprekingsvorm in. Faks of epos die vorm dan na ons kantoor by info@namakwatoere.com . Die nodige sal dan deur ons gedoen word (hotel- en vlugbesprekings indien u dit so aangedui het). U sal 'n toerverwysingsnommer en Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. **Hierdie toerverwysingsnommermoetop u depositostrokie aangetoon word**. Hierdie toerverwysingsnommer moet ook op alle korrespondensie gebruik word vir die toer wat u bespreek het.

➢ Ons verskaf nie bankbesonderhede sonder 'n besprekingsvorm nie. Die enigste rede hiervoor is dat toerlede in die verlede gelde inbetaal het sonder dat hulle 'n toerverwysingsnommer ontvang het, en dat hulle nie 'n bespreking per faks of epos gedoen het nie. Dit het al gebeur dat voornemende toerlede gelde inbetaal het, maar dat daardie spesifieke toer alreeds vol bespreek was.

Ons begin elke oggend voor ons ry met 'n gebed, en vertrou op die Here vir 'n veilige en sielsverrykende toer.

Vriendelike groete

Namakwa Toere Span
Jenny en Mike Spies& Santa Van Huyssteen

Email: info@namakwatoere.com&info@namaqualodge.co.za
www.namakwatoere.com&www.namaqualodge.co.za

SEL +27 (0) 82 654 8877 – JENNY
+27 (0) 89 66 444– MIKE

VOORTREKKERSTRAAT 22
POSBUS 246
VANRHYNSDORP
TEL:+27 (0) 27 219-1633/+27 (0) 27 219 1377
FAKS: +27 (0) 27 219-1635

Hotelverblyf vir diegene wat voor die toer vertrek of nadat die toer afgehandel is:

	City Lodge - Grand West - Kaapstad (3 *)**
Enkelkamer	**R1 324**
Dubbel/Twin	**R1 641**
Ontbyt	Volledige ontbyt ingesluit in tarief 06:30 - 09:30
Aandete Middagete	Geen Restaurant Verskeie restaurante by Grand West beskikbaar
Pendeldiens	R320 (+R20 p/p ekstra)
Parkering	Gratis (langtermyn beskikbaar)
WiFi	15 min gratis - ekstra koopbewys beskikbaar
Ekstra	Sitkamer met kroegfasiliteit Grand West Casino & Vermaaklikheid – verskeie restaurante/teaters
Webtuiste	https://clhg.com/hotels/125/GrandWest-Hotel
Tel	(021) 535 3611

	Hotel Verde Lughawe -Kaapstad (4 **)**
Enkelkamer	**R1 285**
Dubbel/Twin	**R1 600**
Ontbyt	Volledige ontbyt ingesluit in tarief 04:30 - 09:30 - Naweke 04:30 - 10:00
Middagete Aandete	A la carte restaurant – Middagete – 12:30 – 15:00 Aandete – 18:30 – 22:30 Kamerbediening – 10:00 – 22:30
Pendeldiens	Gratis tussen lughawe en hotel – Gratis tussen hotel en Waterfront – Vertrek 13:00 vanaf hotel na Waterfront – Terugkeer 17:30 vanaf Waterfront na hotel – (Moet bespreekvir hierdie diens)
Parkering	Gratis oornag indien u daar slaap. R125 per nag indien u op toer motor wil los
WiFi	Gratis
Ekstra	Sitkamer met kroegfasiliteit Gimnasium
Webtuiste	http://www.hotelverde.co.za/
Tel	(021) 380 5500

	Road Lodge Lughawe - Kaapstad (1 *)
Enkelkamer	R801 per kamer (een of twee persone)
Ontbyt	Kontinentale ontbyt – R90p/p 06:30 - 09:00 Naweke 07:00 - 10:00
Etes	Geen restuarant Restaurante by lughawe beskikbaar, of skakel *Mr Delivery* vir wegneem etes
Pendeldiens	R80 (+R30 p/p ekstra)
Parkering	Gratis indien u daar oornag R200 per nag indien u op toer motor wil los
WiFi	Gratis
Webtuiste	https://clhg.com/hotels/308/Cape-Town-International-Airport
Tel	(021) 934 7303

	Town Lodge Menlo Park –Pretoria (2 **)
Enkelkamer	R993
Dubbel/Twin	R1 146
Ontbyt	Volledige ontbyt ingesluit in tarief 04:30 - 09:30 - Naweke 04:30 - 10:00
Aandete Middagete	A la carte restaurant -
Pendeldiens	Vanaf R120 per pendeldiens – afhangende van afstand
Parkering	Gratis
WiFi	Gratis
Webtuiste	https://clhg.com/hotels245/Town-Lodge-Menlo-Park
Tel	+27 12 348 2711

	Arebbusch Travel Lodge-Windhoek (3 *)**
Enkelkamer	R1 075
Dubbel/Twin	R1 340
Luxury Enkel	R1 485
Luxury Dubbel	R1 855
	Volledige ontbyt ingesluit in tarief 06:30 – 10:00 (kospakkies beskikbaar)
Aandete Middagete	Beskikbaar by inhuis restaurant (A la carte)
Pendeldiens	Vanaf R350 per pendeldiens
Parkering	Gratis
WiFi	Gratis
Webtuiste	www.arebbusch.com
Tel	+264 (0) 61 252255

- Vlugte - Kontak ons vir tariewe en tye
- Reisversekering – Kontak ons vir'n kwotasie

Alle akkommodasie moet deur Namakwa Toere se kantoor gedoen word om te kwalifiseer vir tariewe soos hier aangedui

BESPREKINGSVORM

TOERLID 1:

Van:..... Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.....

Volle naam(e) – Soos dit verskyn op ID en Paspoort Noemnaam:.....

..... Nooiensvan:.....

ID nr.: ..... Tel nr.:.....

Paspoort Nommer:..... Epos:.....

Paspoort Vervaldatum: ..... Sel nr.:.....

TOERLID 2:

Van:..... Mnr/Mev/Mej. - Voorletters:.....

Volle naam(e) – Soos dit verskyn op ID en Paspoort Noemnaam:.....

..... Nooiensvan:.....

ID nr.: ..... Tel nr.:.....

Paspoort Nommer:..... Epos:.....

Paspoort Verval datum: ..... Sel nr.:.....

Toer Datum : ..... Toer Verw: .....

Akkommodasie gedurende die toer: Enkel..... Dubbel..... Twin/Deel (2 Beds).....

Het u hulp nodig om vlugte te bespreek : Ja..... Nee.....

Vertrek ***vanaf*** lughawe:	Lughawe naam	Datum ***na*** bestemming:	
Vlug ***terug na*** lughawe:	Lughawe naam	Datum ***vanaf*** bestemming:	

Moet ons help met hotel besprekings: Ja..... Nee.....

Datum:(**Voor**toer begin) .....Datum:(**Na**toer eindig) .....

City Lodge - Grand West		Town Lodge Menlo Park	
Hotel Verde Airport		Arebbusch – Windhoek	
Road Lodge Airport			

Tipe akkommodasie by hotel inKaapstad/Pretoria/Windhoek: Enkel..... Dubbel..... Twin.....

Moet ons help met pendelrit reëlings inKaapstad/Pretoria/Windhoek**:** Ja..... Nee.....

Indien u self u vlugte bespreek – bevestig asseblief vlugbesonderhede

Opklimpunt:

City Lodge - Grand West	09:00		Town Lodge – Menlo Park	05:00	
Hotel Verde Airport	09:45		Arebbusch – Windhoek	08:00	
Road Lodge Airport	09:30				

Handtekening:..... Datum:.....

Naasbestaande:..... Tel nr.: .....